A1.141120

# RTS2

# RTS




FC CE

# DV-3140UV

## Dual Band Handheld RADIO

# HANDLEIDING

# HARTLIKE DANK VIR U ONDERSTEUNING!

Met die aankoop van u RTS DV-3140UV gaan u verseker wees van 'n staatmaker radio, met die nuutste innoverende DSP digitale sein prosesseringstegnologie, hoëgraad integrasie, alle funksies wat u van 'n uiters professionele radio kan verwag, uitstekende stabiliteit en kwaliteit, sowel as 'n radio wat nie net pragtig afgewerk vertoon nie, maar ook spreek van duursaamheid en sofistikasie. Die RTS DV-3140UV is 'n multi funksionele radio, noukeurig ontwerp om beide UHF en VHF frekwensies te hanteer en te akkommodeer.

Gebruikershandleiding toepassing - DV-3140UV
Sagteware programmering - DV-3140UV
Webwerf – www.rtsradio.co.za / Tel: 086 100 2525

## VOORKOMENDE MAATREELS:

Wanneeer u die radio programmeer, lees eers die aanvanklike fabrieksdata, herskryf dan die frekwensie ens. - foute mag insluip as gevolg van die verskillende frekwensiebande wat betrokke is (UHF/VHF).

# VEILIGHEIDSINFORMASIE:

**RTS** *DV-3140UV* draagbare radio is ‘n voortreflike ontwerp met gevorderde tegnologie. Dit is egter belangrik dat die gebruiker, soos met enige elektroniese toerusting, sal verstaan wat die gevare verbonde aan die gebruik daarvan is. Om beserings aan u persoon en beskadiging aan u handradio te voorkom, let asseblief op na die volgende:

1. Hou die handradio met toebehore buite bereik van kinders.
2. Moet asseblief nie poog om u radio self te herstel, sou daar vir die een of ander rede fout gaan met u radio nie. Laat die herstelwerk aan ‘n goedgekeurde handelaar oor.
3. Gebruik slegs die voorgeskrewe battery, laaier en antenna van u DV-3140UV om skade aan die radio te voorkom, en voldoende reikafstand te bekom.
4. Hou radio weg van warm voorwerpe en moet radio nie vir te lank in direkte sonlig blootstel nie.
5. Radio moet ook nie aan buitengewoon stowwerige of vogtige areas blootgestel word nie.
6. Moet ook nie radios met skadelike chemikalië of bytmiddels skoonmaak nie.
7. Moet **NOOIT** hierdie radio gebruik sonder dat die antenna stewig opgeskroef is nie.
8. Wanneer u hierdie handstel gebruik, is dit wenslik dat u heelwat minder sal praat as ontvang. Wanneer die handstel vir te lank uitsaai kan die handstel warm word aan die agterkant waar die battery geleë is. Moet ook nie die warm deel van die radio op enige plastiese voorwerp neerlê nie.
9. Sou daar enige onaangename reuk, of selfs rook ontstaan uit hierdie handstel, skakel die radio onmiddellik af, verwyder die battery en kontak u naaste **RTS** handelaar onmiddellik

AANDAG:

Let op alle wenke hierbo is slegs vir RTS. Indien enige produkte nie korrek werk nie, kontak u RTS handelaar. Let asseblief ook daarop dat, indien u enige ander bybehore gebruik op u toestel wat nie deur RTS **RTS** gemaak word nie, RTS dan gladnie die veiligheid of werkverrigting kan waarborg nie.

# INHOUD

**UITPAK** ........ **1**
Bybehore verskaf ........ 1
STANDARD BYBEHORE / OPSIONELE BYBEHORE ........ **2**
Standaard Bybehore ........ 2
Opsionele bybehore ........ 2
BATTERY INLIGTING ........ **3**
Laai van battery ........ 3
Voorgeskrewe laaier ........ 3
NEEM KENNIS ........ 3
Laai Instruksies ........ 4
Normale Laai wenke ........ 6
Hoe om die battery te berg ........ 7
VOORBEREIDING ........ **8**
Installering/Verwydering van battery ........ 8
Installering/Verwydering van die antenna ........ 8
Installering/Verwydering van Beltknip ........ 9
Installering van Opsionele Luidspreker/Mikrofoon ........ 9
Installering/Verwydering van handbandjie ........ 10
LEER JOU RADIO KEN ........ **11**
LCD Venster ........ 11
Gesigspaneel ........ 12

Sykant Paneel Paneelaa ........................................................................................................................................13
**BASIESE INLIGTING** ........................................................................................................................................14
AAN/AF skakel van radio ........................................................................................................................................14
Volume verstelling ........................................................................................................................................14
Kanaalskakelaar ........................................................................................................................................14
ONTVANGS ........................................................................................................................................15
Uitsending ........................................................................................................................................15
**KORTPAD WERKING** ........................................................................................................................................16
Skakeling tussen Hoof Afdeling en Sub Afdeling ........................................................................................................................................16
Roep ........................................................................................................................................16
Alleen werker ........................................................................................................................................16
Kontrolering ........................................................................................................................................17
Skandering ........................................................................................................................................17
Slaan ‘n kanaal oor in skanderingslys ........................................................................................................................................17
Tydelike skrapping van raserige kanaal ........................................................................................................................................18
Squelch Vlak Opstelling ........................................................................................................................................18
Squelch af ........................................................................................................................................18
Squelch dadelik af ........................................................................................................................................19
Omgedraaide Frekwensie ........................................................................................................................................19
Sluit van sleutels ........................................................................................................................................20

TX Kragwisseling ......................................................................................................................................20

# INHOUD

Fluister ........................................ 20
VOX vlak opstelling ........................................ 21
Battery Kapasiteitsnavraag ........................................ 21
Prioriteitskanaal ........................................ 21
Nood Alarm ........................................ 22
CTCSS/DCS Enkodeer/Dekodeer Opstelling ........................................ 22
FM radio ........................................ 22
Opsionele Sein Enkoderingslys ........................................ 23
Enkelband Skakeling ........................................ 23
Fabrieksinstelling ........................................ 24
Kloningskabel ........................................ 24
Auto TX ........................................ 25
Menu 23: Squelch vlak opstelling ........................................ 26
Menu 24: Skandeer Onderbrekingstydopstelling ........................................ 26
FUNCTION MENU SETUP ........................................ **27**
Menu 25: LCD Agtergrond Ligopstelling ........................................ 27
Menu 26: LCD Agtergrondlig Kleur opstelling. ........................................ 27
TEGNIESE SPESIFIKASIES ........................................ **29**
PROBLEEMOPLOSSINGSGIDS ........................................ **30**
AANGEHEGDE KAART ........................................ **32**
CTCSS Frekwensie kaart ........................................ 32
1024 Groep DCS frekwensie kaart ........................................ 33

# UITPAK


Wanneer u die radio uitpak, identifiseer die items soos per die items gelys op die tabel hier onder, alvorens u van die verpakkingsmateriaal ontslae raak. Indien enige van die onderstaande items nie in u pakkie is nie, of beskadig is, skakel u handelaar onmiddellik.

## Bybehore verskaf


| Item | Hoeveelheid |
|---|---|
| Antenna | 1 |
| Li-ion Battery Pak | 1 |
| Battery laaier | 1 |
| AC aansluiter “adaptor” | 1 |
| 12V Voertuig laaier | 1 |
| Beltknip | 1 |
| Handleiding | 1 |

# STANDARD  BYBEHORE / OPSIONELE  BYBEHORE


## Standaard Bybehore



Antenna*[1]
DV-3140UV-03




Li-ion Battery Pak
DV-3140UV-01




Laaier
DV-3140UV-02



WS Aansluiter
DV-3140UV-021



Beltknip




Handleiding

* Nota: Kyk na die plakker aan die onderkant van antenna om die frekwensieband te sien.
* Note: 12V laaier kan nie sonder die POD / laaibakkie gebruik word nie.

## Opsionele bybehore




USB
Programkabel




Sagteware



Oorfone




Handmikrofoon



Handband



Voertuiglaaier



Spaar battery

## Laai van battery

Die batterypak is nie in die fabriek gelaai nie, laai die battery voor u die radio gebruik.
As die battery vir die eerste keer gelaai word, of vir ‘n lang tydperk geberg word (vir meer as 2 maande) en dan eers herlaai word, sal die battery nie sy volle kapasiteit bereik nie. Nadat die battery ‘n volle herlaai- en afloop siklus deurgaan het, sal die battery op sy beste werk. Let ook daarop dat die battery se uitsetvermoë sal afneem na ‘n tyd, al word die battery vol en reg gelaai. Die battery moet dan vervang word.

## Voorgeskrewe laaier

Wees asseblief bedag daarop dat u slegs die voorgeskrewe batterylaaier van u **RTS DV-3140UV** handradio gebruik. Ander modelle se laaiers kan skade aan u radio en selfs beserings aan u persoon veroorsaak. As u die batterypak op u radio sit, en die rooi liggie flikker, of die radio gee ‘n stem indikasie van lae battery krag, herlaai u radio.

## NEEM KENNIS

- Moennie probeer om die omhulsel van die batterypak te verwyder nie. Indien u die battery vervang, moennie die ou battery verbrand of in die vuur gooi nie.
- Die temperatuurwisseling moet tussen 5℃ en 40℃ wees wanneer die battery herlaai word.temperature buite hierdie grade kan veroorsaak dat die battery nie die volle potensiaal bereik nie.
- Skakel die radio af voor u die battery herlaai. Moet nie die battery uit die laaier verwyder alvorens die battery vol gelaai is nie.

## BATTERY INLIGTING

RTS sal nie verantwoordelik gehou word vir enige skade wat opgedoen word as gevolg van ongemagtigde veranderinge aan die battery nie.

Moennie die battery herlaai wanneer dit reeds vol gelaai is nie. Dit kan die leeftyd van die battery verkort en/of die batterypak beskadig. .


Moennie die battery laai as die battery of die radio klam of nat is nie. Maak battery/radio eersgoed droog.

WAARSKUWNG:

Wanneer sleutels, kettingkies of enige metale kontak maak met die battery terminale, kan die battery 'n kortsluiting veroorsaak, hoë hitte genereer, selfs liggaamlike skade aanrig. Wees versigtig wanneeer u die battery hanteer. Onthou om die battery of radio in 'n geinsoleerde houer te plaas, en nooit in metaal nie.

### Laai Instruksies

1. Prop die AC aansluiter in die kragprop, en druk die konneksiepunt van die kabel aan die agterkant van die laaier in die gaatjie in. 'n Oranje liggie sal skyn vir 1 sekonde en dan doodgaan - wag om te laai.
2. Sit die battery of radio in die laaier. Maak seker dat die battery terminale ook in kontak is met die laaier se terminale. Die liggie op die laaier sal rooi flikker - Vooraf-laai begin nou.



# BATTERY INLIGTING

3. Na ongeveer 5 minute sal die laaier ophou flikker nou begin die battery laai proses.
4. Dit sal ongeveer 4 uur neem vir die battery om vol te laai. Wanneer die liggie verander na groen, is die battery vol gelaai. Verwyder die battery of die radio uit die laaier

> NOTA: Wanneer ‘n aangeskakelde radio gelaai word, sal die laaier se liggie nie groen aangaan om te wys dat die radio vol gelaai is nie. Slegs wanneer die radio afgeskakel is, sal die indikasie liggie aangaan, aangesien ‘n radio wat aangeskakel is, krag verbruik, en kan die laaier dus nie agterkom as die battery vol gelaai is nie.

5. Herlaai proses:

| Herlaai Status | Indikasie Status |
|---|---|
| Bystand (Llig skyn oranje vir 1 sekond as krag aan is) | Geen |
| Voor-laai (Voor-laai stadium) | Rooi lig flikker vir ongeveer 5 |
| Laai (Laai teen ’n konstante vloei) | minute Lig brand rooi virGreen light |
| Vol gelaai (Laai teen konstante volts) | ongeveer 4 ure |

6. LED Indikasie:

| STATUS | Hou dop vir Met krag aan | Geen battery | Voor-laai | Laai Normaal | Vol Gelaai | Probleme |
|---|---|---|---|---|---|---|
| LED | Oranje (vir1 sekond) | GEEN | Rooilig flikker vir 5 minute | Rooi | Groen | Rooi flikker vir ‘n lang tyd |

# BATTERY INLIGTING

NOTA: Indien die battery warm word, ‘n kortsluiting maak of die laaier ‘n kortsluiting veroorsaak, kontak jou naaste RTS handelaar onverwyld.

## Normale Laai wenke

1. **Self Ondersoek:** Wanneer die battery laai en die oranje liggie flikker vir 1 sekonde en gaan dan dood, dan beteken dit dat die laaier sy “self-ondersoek” geslaag het, en kan die battery normaal laai. As die lig egter oranje bly of die rooi lig flikker, dan beteken dit dat die laaier nie die “self-ondersoek” geslaag het om die battery te laai nie.
2. **“Trickle” Voor-laai:** As die rooi lig flikker wanneer die battery in die laaier geplaas word, beteken dit dat die ooblywende volts te laag is en die laaier “trickle”-laai die battery (Voor-laai Status). Die laaier sal outomaties na normale laai oorskakel sodra die battery ‘n sekere sterkte bereik het. As die rooi lig ophou flikker, beteken dit dat die oorblywende volts ‘n volgende sterkte bereik het, en die laaier sal normaal laai.

NOTA: “Trickle” herlaai (Voor-laai Status) se laai tyd kan nie meer as 30 minute duur nie. As die indikasie liggie steeds flikker na 30 minute van “trickle” laai, dan beteken dit dat die laaier nie die battery kan laai nie. Maak seker dat die battery of laaier nie moontlik beskadig of foutief is nie.

## Hoe om die battery te berg

1. As die battery vir ‘n lang periode gestoor moet word, dan moet die battery van die radio afgehaal word, en die battery moet tussen 50% en100% gelaai wees.
2. Die battery moet in ‘n koel droë plek geberg word.
3. Die battery moet nie naby warm plekke of in direkte sonlig geberg word nie.


WAARSKUWING:

- Moennie battery terminale laat kortsluit nie.
- Moennie die battery uit sy omhulsul probeer verwyder nie .
- Omdat vonke ‘n ontploffing kan veroorsaak, wees bedag daarop dat u die battery in‘n veilige omgewing koppel, moennie battery in die vuur gooi of op warm oppervlakte los nie.

# VOORBEREIDING

## Installering/Verwydering van battery

1. Plaas die groefies op die battery teenoor die groefies op die radio, en skuif die battery teen die radio vas.
2. Druk die battery tot u ‘n “klik” geluid hoor wanneer die battery vasknip op die radio.
3. Om die battery te verwyder, druk weer die knip wat die battery vashou en skuif in ‘n afwaartse beweging, en verwyder van die radio.





## Installering/Verwydering van die antenna

■ Installering van die antenna:


Hou die antenna aan sy basis vas, en skroef die antenna op die konneksie aan die bokant van die radio deur dit kloksgewys te draai tot die antenna stewig op die radio vasgeskroef is.

■ Verwydering van die antenna:

Draai die antenna anti-kloksgewys om van die radio te verwyder.



## Installering/Verwydering van Beltknip



■ Installeer die Beltknippie:


Aan die agterkant van die radio is 2 gaatjies waaraan die beltknip kloksgewys vasgeskoef word.

■ Verwyder die Beltknip:

Draai die skroefies anti-kloksgewys om die beltknip los te maak.

## Installering van Opsionele Luidspreker/Mikrofoon

Maak die MIC-SP flappie aan die kant van die radio los, en druk die Luidspreker/Mikrofoon konneksie in die toepaslike gaatjies.




NOTA: Die radio is nie waterdig wanneer hierdie bybehore gebruik word nie.

# VOORBEREIDING


## Installering/Verwydering van handbandjie

Vou die handbandjie in ‘n lussie, en druk die lussie deur die ogie aan die agterkant van die radio. Wanneer die lussie deur die ogie gedruk is, druk die oorblywende deel van die handbandjie deur die lussie en trek styf.



## LCD Venster

Op LCD venster sal jy verskeie ikone sien wat sekere gekose funksies verteenwoordig, nl.




NOTE:

Battery sterkte aanwyser (vol)


Oorblywende batterykrag

Geen Battery krag, laai of vervang battery


Huidige seinsterkte / Krag aanwyser

# ○ LEER JOU RADIO KEN


## Gesigspaneel



## Sykant Paneel




**Linker Sy**




**Regter sy**

# BASIESE INLIGTING

## AAN/AF skakel van radio

Wanneer die radio AF geskakel is draai [POWER]/ [VOLUME] knoppies kloksgewys om die radio aan te skakel.
Om die radio af te skakel, draai [POWER]/ [VOLUME] anti-kloksgewys tot u 'n "kliek" geluid hoor..

## Volume verstelling

Wanneer die radio aangeskakel is, draai die [POWER] / [VOLUME] knoppie om die volume harder of laer te stel. Kloksgewys om volume harder te stel en anti-kloksgewys om volume laer te stel.
Wanneeer die gebruiker die volume verstel, kan die gebruiker die geprogrammeerde sleutel **"SQUELCH OFF"** indruk om die volume verstelling te kontroleer.

NOTA: Druk die sleutel aan die sykant paneel geprogrammeer as **"SQUELCH OFF"** om agtergondgeraas te kontroleer . Draai [KRAG]/ [VOLUME] om die klank te verstel.

## Kanaalskakelaar

Nadat u die radio aangeskakel het, draai die Kanaalskakelaar om na u verkose kanaal te gaan. Draai skakelaar kloksgewys om 'n hoër syfer kanaal te kies, en anti-kloksgewys om 'n laer syfer kanaal te kies.

NOTA: Die DV-3140UV radio het 200 kanale om te gebruik. Indien daar 'n 0 (nul) tussen 2 kanale is wanneer u die kanale met die hand opstel, sal die radio die 0 kanaal oorslaan, stel die volgende kanaal direk daarna op.

## ONTVANGS

As ‘n persoon u roep op die radio, sal u sy stem hoor en die radio se LED venstertjie sal groen/blou verlig.

NOTA: Indien u die “Squelch Off” vlak te hoog stel, mag u moontlik nie die persoon wat u roep se stem ontvang nie.

## Uitsending

Voor u begin praat op die radio, maak eers seker dat die kanaal wat u wil gebruik nie beset is nie. U kan die kanaal kontroleer vir verkeer deur die geprogrammeerde **“MOMENTARY SQUELCH OFF” [PF1]** / **[PF2]** sleutel te druk. As die kanaal wat u wil gebruik nie beset is nie, druk die **[PTT]** sleutel en praat in die mikrofoon. Vir die beste klank, praat gewoonweg terwyl die mikrofoon 2.5 tot 5 cm van u mond af is.

NOTA:Wanneer u die PTT sleutel indruk sal die LED rooi skyn, wat beteken dat u nou uitsaai. Om klank terug te ontvang, los die PTT sleutel.

# KORTPAD WERKING

U **[PF1]**/ **[PF2]** (●), (◆), (◇),en (○) ensleutels is programmeerbaar. Die volgende funksies kan met die vooraf geprogrammeerde sleutels gedoen word:

## Skakeling tussen Hoof Afdeling en Sub Afdeling

Druk die geprogrammeerde sleutel "**MAIN**" om te skakel tussen die Hoof- en Sub Afdeling - die pyltjie dui die rigting aan na die Hoof Afdeling.

## Roep

Wanneeer die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde sleutel om uit te saai in die vooraf gestoorde DTMF/5TONE seinsleutel.

## Alleen werker

Druk die voorafgeprogrammeerde sleutel van **LONE WORKER**, die LCD skerm sal **"ALONE ON"** wys, en die radio sal die Alleen Werker funksie aktiveer. Wanneer die radio die voorafgestelde tyd bereik, sal die radio deur middel van stem u daaraan herinner en die gebruiker kan enige sleutel druk om die tyd weer te stel, andersins sal die radio in 'n staat van auto-alarm gaan . Skakel radio AF en daarna AAN om te herstel.

NOTA: Alleenwerker Funksie het betrekking op die "Lone Worker Mode" of "Emergency Information" in die sagteware. Wanneer die Alleen Werker sleutel geprogrammeer word, gaan in die "Lone Worker mode" en stel die tyd op.

## Kontrolering

Wanneer die radio aangeskakel is, druk die **“MONITOR”** sleutel. Die radio sal ‘n “DU” geluid maak en die kontroleringsfunksie aktiveer. Die "BUSY" ikoon sal nou flikker terwyl die CTCSS/DCS/5TONE/ DTMF dekodeer geignoreer sal word terwyl die Kontroleringsfunksie aan is. Die radio kan die sein van die ander party kontroleer solank die draagfrekwensie dieselfde is. Om uit hierdie funksie te gaan, druk die sleutel weer en die rado sal ‘n “DU DU” geluid maak, en die “BUSY” ikoon sal verdwyn.

## Skandering

Die Skanderingsfunksie kan gebruik word om elke kanaal te kontroleer.Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde **“SCAN”** sleutel, die radio sal ‘n "DU" geluid maak, en begin skandeer. Dit skandeer die kanale in die skanderingslys een vir een. Wanneer een kanaal dan ‘n sein ontvang, sal die radio net ‘n klein rukkie op die kanaal stil staan en die LED lig flikker om te bevestig dat daar aktiwiteit is. Om uit hierdie funksie te gaan, druk die skandeer sleutel weer ‘n keer.

## Slaan ‘n kanaal oor in skanderingslys

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde sleutel **“SKIP”**. Die radio sal ‘n "DU" geluid maak, op die die LCD venster sal ‘n **"S"** ikoon verskyn, en die kanaal is verwyder van die skandeerlys. Druk weer die OORSLAAN sleutel, die "S" ikoon sal verdwyn terwyl die kanaal weer terug is op die skandeerlys.

# KORTPAD WERKING

## Tydelike skrapping van raserige kanaal

Hierdie funksie word gebruik om ‘n raserige of ‘n kanaal wat beset is, tydelik van die skanderingslys te verwyder. Druk die geprogrammeerde sleutel **“NUICANCE CHANNEL TEMPORARY DELETE”**, die radio sal ‘n "DU" geluid maak en die betrokke kanaal van die skandeerlys verwyder. Indien daar egter net een kanaal geprogrammeer is, kan hierdie funksie nie toegepas word nie. Skakel die radio af en weer aan, en die kanaalwat verwyder is, sal weer op die skanderingslys verskyn.

## Squelch Vlak Opstelling

Hierdie funksie word gebruik om die sterkte van die sein wat ontvang word, op te stel. Wanneer die ontvangssein intensiteit ‘n sekere vlak bereik sal die persoon wat roep gehoor kan word, anders sal die radio geluidloos wees.

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde sleutel , **“ADJUST SQUELCH LEVEL”**, die radio sal ‘n "DU" geluid maak, op die LCD skerm sal die Squelch Vlak **"SQL XX"**, verskyn. Stel die kanaal knoppie om die vlak op te stel. Daar is ‘n totaal van 10 Squelch vlakke wat opgestel kan word naamlik 00-09 , waarby 00 beteken die agtergrond geraas altyd aangeskakel is.

## Squelch af

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde sleutel **“SQUELCH OFF”**, die squelch agtergrond geraas is hoorbaar. Druk weer die **SQUELCH OFF** sleutel, en die radio sal ‘n **"DU DU"** geluid maak. Nou is die SQUELCH stroombaan stil, Deur hierdie funksie te gebruik, kan jy die swakker seine kontroleer wat moeilik .

## Squelch dadelik af

Terwyl die radio aangeskakel is, DRUK en HOU die geprogrammeeerde sleutel van **INSTANTANEOUSLY SQUELCH OFF**, radio sal ‘n "DU" geluid maak, en die agtergrond geraas is hoorbaar. Los die sleutel en die radio sal ‘n “DU DU" geluid maak. Nou is daar geen agtergrond geraas hoorbaar nie. Deur hierdie funksie te gebruik, kan jy die swakker seine kontroleer wat moeilik waarneembaar is.

## Omgedraaide Frekwensie

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde **REVERSE** sleutel. Op die LCD venster sal ‘REV ON” verskyn. Druk die seutel weer een keer OF wag vir 1 sekonde en die radio sal na die vorige posisie terugkeer, terwyl die LCD venstertje die **“R”** ikoon wys. Wanneer die Teenoorgestelde Frekwensie **(FREQUENCY REVERSE)** geaktiveer **“R”** is, sal die huidige RX frekwensie omgedraai word na die TX frekwensie, die CTCSS of DCS sein wat opgestel is, sal ook omgedraai word. Herhaal die bogemelde, die radio sal uit die omgedraaide frekwensie funksie gaan, en op die LCD venstertjie **“R”**sal nou "REV OFF" staan. Die **“R”** ikoon sal van die LCD skerm verdwyn.sodra die radio weer in sy bystandsposisie is.

NOTA: Terwyl die radio op die Omgekeerde Frekwensie program is, kan die radio nie met ander radios deur ‘n herhaler kommunikeer nie.

# KORTPAD WERKING

## Sluit van sleutels

Hierdie funksie stel die gebruiker in staat om die sleutels aan die gesigkant van sy radio te sluit.Terwyl u radio aangeskakel is, druk die **"KEY LOCK "** en die LCD sal n " ikoon vertoon wat aandui dat die funksie aangeskakel is. Om te ontsluit, herhaal die prosedure, die " ikoon sal van die LCD venstertjie verdwyn.

## TX Kragwisseling

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde sleutel **"ADJUST POWER LEVEL"**, en die gebruiker kan die verlangde krag opstel. Wanneer die **"H"** op die LCD venstertjie verskyn, beteken dat dat die radio op HOE krag uitsaai, en wanneer die **"L"** verskyn saai die radio op LAE krag uit. Skakel die radio af, druk die **"ADJUST POWER LEVEL"** sleutel, die radio sal 'n "DU" geluid maak. Nou sal alle kanale verander na hoë krag. Skakel die radio af en weer aan, en die kraguitset sal verander na die voorafgestelde funksie.

## Fluister

Wanneer hierdie funksie aangeskakel is kan ander partye jou duidelik hoor terwyl jy fluister.Terwyl die radio aangeskakel is, druk die voorafgeprogrammeerde **"WHISPER"**, die LCD venster sal **"EYE ON"** vertoon. Die fluister funksie is geaktiveer - druk enige ander sleutel en wag vir 1 sekonde en die radio sal op gereedheidsgrondslag wees. Herhaal weer die bogemelde funksies en die fluister funksie sal afgeskakel wees, die LCD venstertjie sal **"EYE OFF"** wys.

# KORTPAD WERKING

## VOX vlak opstelling

U maak gebruik van hierdie funksie om die radio met u stem te aktiveer in plaas van die PTT te druk. Die vlakke word opgestel sodat, as u in ‘n plek is met baie agtergond geraas is, dat die VOX nie geaktiveer word sonder dat u praat nie. Dus as die VOX sensitiwiteit te laag gestel is, sal harde agtergrond geraas dit kan aktiveer. As die sensitiwiteit hoog gestel is, sal agtergrond geraas dit nie affekteer nie.

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde VOX vlak sleutel, op die LCD skerm sal **“VOX”** verskyn. Draai dan die kanaal skakelaar om die VOX vlak te stel. Daar is 10 vlakke, 1 tot 10 en afskakel. Sodra die funksie afgeskakel is, sal die **“VOX”** van die LCD skerm verdwyn.

## Battery Kapasiteitsnavraag

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde **“ VOLTAGE DISPLAY”,** die radio sal ‘n "DU" geluid maak, en op die LCD venster sal die huidige battery sterkte verskyn. Druk die sleutel weer ‘n keer, die radio sal ‘n "DU-DU" geluid maak en weer terugkeer na bystand.

## Prioriteitskanaal

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die **“PRIORITY CHANNAL”** sleutel, die radio sal ‘n “DU” geluid maak. en oorskakel na die vooraf geprogrammeerde prioriteitskanaal. Sein sal uitgesaai of ontvang word in die prioriteitskaal. Draai die kanaalskakelaar of druk die sleutel weer om uit te gaan.

# KORTPAD WERKING

## Nood Alarm

Terwyl die radio aangeskakel is, druk en hou die [PF1] sleutel wat as die ALARM funksie geprogrammeer is tot die LCD skerm wys **"ALARM"**. Die alarm is nou geaktiveer. Die radio beskik oor 4 opsionele Alarm wyses en kan opgestel word deur sagteware programmering. As die radio afgeskakel word, sal die alarm funksie gekanselleer wees.

## CTCSS/DCS Enkodeer/Dekodeer Opstelling

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde **"CTCSS SELECT"** sleutel, op die LCD skerm is die **"CT DEC"**, **"CT"** en **"T"** ikone, draai die kanaal skakelaar om die verkose CTCSS enkodeer/dekodeer opstelling te kies, druk die PTT sleutel, berg jou keuse en gaan uit die stelling. Druk weer die sleutel, die **"DCS"** ikoon verdwyn van die LCD venstertjie, en die CTCSS/DCS enkodeer/dekodeer is AFGESKAKEL.

NOTA: Die funksie is slegs beskikbaar op UHF. Indien u die radio op VHF wil opstel, dan kan u dit doen deur programmering.

## FM radio

Terwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde **FM Radio** funksie. Die radio sal 'n "DU" geluid maak en die FM radio aanskakel. Die LCD skerm sal **"FM ON"** wys, en die **"FM"** ikoon wys. Draai die kanaal skakelaar om die FM kanaal te kies. Om uit hierdie funksie te gaan,druk die FM radiofunksie sleutel weer, die FM ikoon sal verdwyn. Radio is terug op bystandsfunksie.

## Opsionele Sein Enkoderingslys

Onderwyl die radio aangeskakel is, druk die geprogrammeerde **“CALL LIST”** sleutel. current channel setup DTMF signaling or no signaling, it will show DTMF encode list, turn channel switch to choose desired encode, press PTT to transmit the encode. If current channel setup 5Tone signaling, it will show 5Tone encode list, turn channel switch to choose desire encode, press PTT to transmit the encode.

NOTA: DTMF/5TONE enkodering word met sagteware geprogrammeer - 16 groepe van DTMF, 100 groepe van 5 Toon. Wanneer 5 Toon enkodeer met ‘n naam, sal die radio die naam wys, anders sal dit slegs wys "CALL XX".

## Enkelband Skakeling

Om enkelband inmenging te verminder wanneer van die hoofband gebruik gemaak word, kan u van die **“SINGLE BAND SWITCH”** gebruik maak om die subband vinnig af te skakel.

1. Terwyl die radio aangeskakel is, druk die **"MAIN DISP"** geprogrammeerde sleutel, die LCD venster wys slegs die boonste kanaal, en verberg die onderste kanaal.
2. Druk weer die sleutel, en die onderste kanaal verskyn terwyl die boonste kanaal verberg word.
3. Druk weer die sleutel, en beide kanale is sigbaar.

# KORTPAD WERKING

## Fabrieksinstelling

As die radio vir een of ander rede foutief gaan as gevolg van foutiewe programmering, of sleutel drukke kan die gebruiker van hierdie funksie gebruik maak en die radio op **“FACTORY DEFAULT”** oorstel. Skakel die radio AF. Druk die geprogrammeerde sleutel **“INITIALIZE”** hou die sleutel in, skakel die radio aan. Hou die sleutel in tot die LCD skerm **"RESET"**, los nou die sleutel en die radio sal ‘n "DU" geluid maak. Al die funksies en kanale sal verander soos dit by die fabriek opgestel is.

NOTA: Kontak u handelaar om hierdie funksie met sagteware op te stel.

## Kloningskabel

Om die geprogrammeerde data en geheue stellings en parameters van die hoof (Master) eenheid na werkers (Slave) eenhede te kopieer.

Konneksie: Gebruik die opsionele CP04 kloningskabel, konnekteer die **“READ/WRITE”** poort op beide die hoof en werker, opstelling en programmeer as volg:[Opstelling : Hoof (Master) gedeelte]:

1. Druk die geprogrammeerde **“CLONE ”** sleutel skakel die radio aan, op die LCD skerm wys **“CLONE”.** die hoof (master) eenheid gaan in die kopiëer posisie.
2. Druk die PTT sleutel, die LCD skerm toon **"CLONE XX"** . XX verteenwoording die hoeveelheiddata wat gekloon is.
3. Wanneer die data kloning afgehandel is, hervat die werkers (slaves) gedeelte weer, die hoof (master) gedeelte wys **“CLONE”**.
4. Die hoofeenheid bly in die kopieër posisie om voor te berei vir die volgende kopie. Wanneer eenheid

weer die hoof (master) eenheid aanskakel (reboot) , dan is die radio uit die kopieër stadium en terug na normaal. [Opstelling : Werker (Slave) gedeelte]

5. Tydens die bystandsmode, wanneer die werker (slave) die data ontvang, sal die LCD venster **"CLONE XX"** toon. XX verteenwoordig dan die hoeveelheid data wat gekloon is.
6. Wanneer die data ontvangs voltooi is, keer die werker (slave) eenheid terug na normaal, en hervat outomaties.
7. Skakel die werker (slave's) se krag af, verwyder die kabel en sit die volgende werker (slave) in wat u wil kopiëer. Indien die data nie suksesvol oorgelaai is nie, skakel die hoof en werker af, maak seker dat die konneksies reg is, en herhaal die hele proses weer.

## Auto TX

Skakel die radio af, druk die geprogrammeerde **"AUTO TX"** sleutel in terwyl u die radio aanskakel. Radio sal AUTO TX begin. U hoef nie die PTT sleutel te druk om uit te saai nie, Skakel radio af om die funksie te kanselleer.

# KORTPAD WERKING

Raak sleutel vlugtig aan, en stel die **"SETMODE"**, as volg.

## Menu 23: Squelch vlak opstelling

Hierdie funksie word gebruik om die RX sein intensiteit op te stel. Die oproep kan ontvang word as die intensiteit van die RX sein die voorafgestelde data bereik, andersins sal die radio stil wees.

1. Druk die sleutel om in die menu funksie te gaan.
2. Draai die kanaal skakelaar na kanaal 23, die LCD venstertjie sal **"SQL"** wys.
3. Druk sleutel om na die volgende stap te gaan, draai kanaal skakelaar om die verlangde opstelling te kies. 00-09,-In totaal 10 SQL vlakke. 00 is laagste stelling - altyd aan. Druk sleutel om na die menu funksie terug te gaan, of druk enige ander sleutel om te stoor en uit te gaan.

## Menu 24: Skandeer Onderbrekingstydopstelling

1. Druk die sleutel om in die menu opstelling te gaan.
2. Draai die kanaal skakelaar na kanaal 24 LCD skerm sal "SCAN" wys.
3. Druk sleutel om na die volgende item te gaan, draai kanaal skakelaar en kies die optelling:

**5ST:** Wanneer die geskandeerde sein ooreenstem, wag 5 sekondes, hervat skandering;
**10ST:** Wanneer die geskandeerde sein ooreenstem, wag 10 sekondes, hervat skandering;
**15ST:** Wanneer die geskandeerde sein ooreenstem, wag 15 sekondes, hervat skandering;
**2SP:** Wanneer die geskandeerde sein ooreenstem, wag tot die sein verdwyn vir 2 sekondes, hervat die skandering.

4. Druk sleutel om na die menu funksie terug te gaan, of druk enige ander sleutel om te stoor en te uit gaan.

## Menu 25: LCD Agtergrond Ligopstelling

1. Druk die sleutel om in die menu opstelling te gaan.
2. Draai die kanaal skakelaar na kanaal 25 , LCD venster wys **"LIGHT"**.
3. Druk sleutel om na die volgende item te gaan, draai kanaal skakelaar en kies die opstelling.

   **AUTO:** As LCD agtergrond lig aangeskakel is, sal dit outomaties afskakel na ‘n tydperk.

   **ON:** Altyd AAN

   **OFF:** Altyd AF.
4. Druk sleutel om na die menu funksie terug te gaan, of druk enige ander sleutel om te stoor enuit te gaan.

## Menu 26: LCD Agtergrondlig Kleur opstelling

1. Druk die sleutel om na die menu opstelling te gaan.
2. Draai kanaal skakelaar na item 26, die LCD venstertjie wys **"COLOR"**.
3. Druk sleutel om na die volgende item te gaan, draai kanaal skakelaar en kies die opstelling


   **BLUE:** BLOU

   **ORG:** ORANJE

   **PUR:** PERS
4. Druk sleutel om na die menu funksie terug te gaan, of druk enige ander sleutel om te stoor en uit te gaan.

# FABRIEK OPSTELLING

| Lank druk [s] | | 2.5 |
|---|---|---|
| A | Kort | Geen |
| | Lank | Nood |
| B | Kort | Geen |
| | Lank | Radio |
| C | Kort | Geen |
| | Lank | Kies van CTCSS |
| D | Kort | Geen |
| | Lank | Sluit sleutels |
| PF1 | Kort | Scan |
| | Lank | Skandering opstelling |
| | Aanskakel | POWER |
| PF2 | Kort | Monitor |
| | Lank | Verstel geraasvlak |
| | Aanskakel | Geen |
| PTT | PTT Power | Sluit sleutels |



# TEGNIESE SPESIFIKASIES

RTS

| Algemeen | |
|---|---|
| Frequency Range | VHF: 136-174MHz<br>UHF: 400-480MHz<br>(Exp: 400-520MHz)<br>FM:76~108MHz(RX) |
| Kanaal Kapasiteit | 200 kanale |
| Kanaal Spasiëring | 25KHz (Breë Band)<br>12.5KHz (Nou Band) |
| Geslote fase Stap | 0.1KHz |
| Bedrysfspanning | 7.4V DC ±20% |
| Battery leeftyd | Meer as 12 Ure (1500mAh),<br>teen 5-5-90 werksiklus |
| Frekw. stabiliteit | ±2.5ppm |
| Bedryfs-<br>Temperatuur | -20℃~ +55℃ |
| Grootte | 240×56×30mm (met battery pak en antenna) |
| Gewig | 240g (met battery pak en antenna) |

| Ontvangs Gedeelte | | |
|---|---|---|
| | Breë band | Nou band |
| Sensitivity(12dB SINAD) | ≤0.25ìV | ≤0.35ìV |
| Bygaande Kanaal Selektiwiteit | ≥65dB | ≥60dB |
| Intermodulasie | ≥65dB | ≥60dB |
| Onegte weiering | ≥70dB | ≥70dB |
| Gons & Geraas | ≥45dB | ≥40dB |
| Klank verdraaiing | ≤5% | |
| Klank Uitsetkrag | 1000mW/10% | |

| Uitset Gedeelte | | |
|---|---|---|
| | Breë band | Nou band |
| Krag Uitset | 6W/1W(VHF)<br>5W/1W(UHF) | |
| Regulering | 16KΦF3E | 11KΦF3E |
| Aangrensende Kanaal krag | ≥65dB | ≥60B |
| Gons & Geraas | ≥40dB | ≥40dB |
| Vals uitsending | ≤-36dB | ≤-36dB |
| Klank Verdraaiing | ≤5% | |

# PROBLEEMOPLOSSINGSGIDS

| Problem | Corrective Action |
|---|---|
| Geen krag | A. Die battery pak kan pap wees. Herlaai of vervang die battery indien nodig.<br>B. Die battery is dalk nie reg geinstalleer. Verwyder en installeeer die battery weer.<br>C. Die kragskakelaar is foutief. Stuur die radio na u handelaar vir herstel.<br>D. Battery kontakpunte is foutief, Stuur die radio na u handelaar vir herstel. |
| Battery gaan dood kort nadat die battery herlaai is. | Battery se lewensduur is verby. Vervang die battery met ‘n nuwe een. |
| Radio kan nie skandeer nie. | Kanale is nie op skandeerlys. Laat die kanale deur u handelaar opsit. |
| Radio raas in alle bande na programmering of groen lig is permanent aan | Skakel die Squelsh aan wanneer u programmeer. Slegs handelaars moet hierdie funksie hanteer asseblief. |
| Na mikrofoon gebruik is, geen klank na ‘n tyd | Oorfoon koppelstuk is foutief. (Stuur na u handelaar vir herstelwerk. |
| Kommunikasieafstand verkort, en sensitiwiteit verswak | A. Kyk of antenna in goeie toestand is en die antenna basis nog stewig is. .<br>B. Maak seker dat die frekwensie band korrek vir die radio is.<br>C. Radio mag op lae uitsetkrag geprogrammeer wees. Kontak u handelaar |

# ○ PROBLEEMOPLOSSINGSGIDS

| | |
|---|---|
| Kan nie met ander mense in u groep praat of hulle hoor nie | A. Verskillende frekwensie/kanaal - verander dit.<br>B. Verskillende CTCSS / DCS verstel dit.<br>C. Buite Kommunikasie reikafstand. |
| Wil soms nie aan- of afskakel nie | Kyk of batterykontak dalk net gebuig is. Indien nie, neem na u handelaar vir herstel. |
| Ontvanger kry lae of gebroke stem van die teenparty | Maak seker daar is nie vuiligheid in mikrofoon nie. Kontak u handelaar vir herstelwerk |
| Onstabiele kommunikasie met harde agtergrondgeraas | Buite Kommunikasie reikafstand, tussen hoë geboue of in ondergrondse verdieping |
| Luidspreker raak swakker of met 'n "ka ka" geluid na 'n sekere tyd | Kyk of daar nie moontlik ystervylsels of stof in luidspreker is nie.Neem na u handelaar vir herstel. |
| Ontvang stem maar kan nie uitsaai nie. | Neem na u handelaar vir herstel. |
| Ontvangs aanduidingIng - groen liggie brand sonder enige klank | A. Volume is te laag gestel. Draai volume op<br>B. Luidspreker is foutief. Kontak u handelaar om radio te herstel.<br>C. Oorfoon koppelstuk is foutief. Kontak u handelaar om radio te herstel.<br>D. Volume knop is foutief. Kontak handelaar om die radio te herstel. |

# AANGEHEGDE KAART

## CTCSS Frekwensie kaart

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 62.5 | 12 | 94.8 | 23 | 136.5 | 34 | 177.3 | 45 | 218.1 |
| 2 | 67.0 | 13 | 97.4 | 24 | 141.3 | 35 | 179.9 | 46 | 225.7 |
| 3 | 69.3 | 14 | 100.0 | 25 | 146.2 | 36 | 183.5 | 47 | 229.1 |
| 4 | 71.9 | 15 | 103.5 | 26 | 151.4 | 37 | 186.2 | 48 | 233.6 |
| 5 | 74.4 | 16 | 107.2 | 27 | 156.7 | 38 | 189.9 | 49 | 241.8 |
| 6 | 77.0 | 17 | 110.9 | 28 | 159.8 | 39 | 192.8 | 50 | 250.3 |
| 7 | 79.7 | 18 | 114.8 | 29 | 162.2 | 40 | 196.6 | 51 | 254.1 |
| 8 | 82.5 | 19 | 118.8 | 30 | 165.5 | 41 | 199.5 | 52 | user-defined |
| 9 | 85.4 | 20 | 123.0 | 31 | 167.9 | 42 | 203.5 | | |
| 10 | 88.5 | 21 | 127.3 | 32 | 171.3 | 43 | 206.5 | | |
| 11 | 91.5 | 22 | 131.8 | 33 | 173.8 | 44 | 210.7 | | |

## 1024 Groep DCS frekwensie kaart

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 000 | 001 | 002 | 003 | 004 | 005 | 006 | 007 |
| 010 | 011 | 012 | 013 | 014 | 015 | 016 | 017 |
| 020 | 021 | 022 | 023 | 024 | 025 | 026 | 027 |
| 030 | 031 | 032 | 033 | 034 | 035 | 036 | 037 |
| 040 | 041 | 042 | 043 | 044 | 045 | 046 | 047 |
| 050 | 051 | 052 | 053 | 054 | 055 | 056 | 057 |
| 060 | 061 | 062 | 063 | 064 | 065 | 066 | 067 |
| 070 | 071 | 072 | 073 | 074 | 075 | 076 | 077 |
| 100 | 101 | 102 | 103 | 104 | 105 | 106 | 107 |
| 110 | 111 | 112 | 113 | 114 | 115 | 116 | 117 |
| 120 | 121 | 122 | 123 | 124 | 125 | 126 | 127 |
| 130 | 131 | 132 | 133 | 134 | 135 | 136 | 137 |
| 140 | 141 | 142 | 143 | 144 | 145 | 146 | 147 |
| 150 | 151 | 152 | 153 | 154 | 155 | 156 | 157 |
| 160 | 161 | 162 | 163 | 164 | 165 | 166 | 167 |
| 170 | 171 | 172 | 173 | 174 | 175 | 176 | 177 |
| 200 | 201 | 202 | 203 | 204 | 205 | 206 | 207 |
| 210 | 211 | 212 | 213 | 214 | 215 | 216 | 217 |
| 220 | 221 | 222 | 223 | 224 | 225 | 226 | 227 |
| 230 | 231 | 232 | 233 | 234 | 235 | 236 | 237 |
| 240 | 241 | 242 | 243 | 244 | 245 | 246 | 247 |
| 250 | 251 | 252 | 253 | 254 | 255 | 256 | 257 |

# AANGEHEGDE KAART

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 260 | 261 | 262 | 263 | 264 | 265 | 266 | 267 |
| 270 | 271 | 272 | 273 | 274 | 275 | 276 | 277 |
| 300 | 301 | 302 | 303 | 304 | 305 | 306 | 307 |
| 310 | 311 | 312 | 313 | 314 | 315 | 316 | 317 |
| 320 | 321 | 322 | 323 | 324 | 325 | 326 | 327 |
| 330 | 331 | 332 | 333 | 334 | 335 | 336 | 337 |
| 340 | 341 | 342 | 343 | 344 | 345 | 346 | 347 |
| 350 | 351 | 352 | 353 | 354 | 355 | 356 | 357 |
| 360 | 361 | 362 | 363 | 364 | 365 | 366 | 367 |
| 370 | 371 | 372 | 373 | 374 | 375 | 376 | 377 |
| 400 | 401 | 402 | 403 | 404 | 405 | 406 | 407 |
| 410 | 411 | 412 | 413 | 414 | 415 | 416 | 417 |
| 420 | 421 | 422 | 423 | 424 | 425 | 426 | 427 |
| 430 | 431 | 432 | 433 | 434 | 435 | 436 | 437 |
| 440 | 441 | 442 | 443 | 444 | 445 | 446 | 447 |
| 450 | 451 | 452 | 453 | 454 | 455 | 456 | 457 |
| 460 | 461 | 462 | 463 | 464 | 465 | 466 | 467 |
| 470 | 471 | 472 | 473 | 474 | 475 | 476 | 477 |
| 500 | 501 | 502 | 503 | 504 | 505 | 506 | 507 |
| 510 | 511 | 512 | 513 | 514 | 515 | 516 | 517 |
| 520 | 521 | 522 | 523 | 524 | 525 | 526 | 527 |
| 530 | 531 | 532 | 533 | 534 | 535 | 536 | 537 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 540 | 541 | 542 | 543 | 544 | 545 | 546 | 547 |
| 550 | 551 | 552 | 553 | 554 | 555 | 556 | 557 |
| 560 | 561 | 562 | 563 | 564 | 565 | 566 | 567 |
| 570 | 571 | 572 | 573 | 574 | 575 | 576 | 577 |
| 600 | 601 | 602 | 603 | 604 | 605 | 606 | 607 |
| 610 | 611 | 612 | 613 | 614 | 615 | 616 | 617 |
| 620 | 621 | 622 | 623 | 624 | 625 | 626 | 627 |
| 630 | 631 | 632 | 633 | 634 | 635 | 636 | 637 |
| 640 | 641 | 642 | 643 | 644 | 645 | 646 | 647 |
| 650 | 651 | 652 | 653 | 654 | 655 | 656 | 657 |
| 660 | 661 | 662 | 663 | 664 | 665 | 666 | 667 |
| 670 | 671 | 672 | 673 | 674 | 675 | 676 | 677 |
| 700 | 701 | 702 | 703 | 704 | 705 | 706 | 707 |
| 710 | 711 | 712 | 713 | 714 | 715 | 716 | 717 |
| 720 | 721 | 722 | 723 | 724 | 725 | 726 | 727 |
| 730 | 731 | 732 | 733 | 734 | 735 | 736 | 737 |
| 740 | 741 | 742 | 743 | 744 | 745 | 746 | 747 |
| 750 | 751 | 752 | 753 | 754 | 755 | 756 | 757 |
| 760 | 761 | 762 | 763 | 764 | 765 | 766 | 767 |
| 770 | 771 | 772 | 773 | 774 | 775 | 776 | 777 |

**NOTA: N vir positiewe kode. I is vir omgekeerde kode. 1024 groepe van DCS in totaal**